GROOT LYDENSWEEK
GOEIE VRYDAG, 14 APRIL 2006
Ds Freddie Schoeman

Hier is twee kontraste:

Een: Jesus se goddelikheid en sy menslikheid (die misterie hiervan word hier op die spits gedryf)

Twee: Die gewilligheid van die gees en die swakheid van die vlees. (die misterie van die goddelike en die menslike binne in onsself)

> [36] Daarna kom Jesus met sy dissipels by 'n plek met die naam Getsemane,
> en Hy sê vir hulle: "Sit hier terwyl Ek daar gaan bid."
> [37] Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe
> het Hy bedroef en beangs geword [38] en vir hulle gesê: "Ek voel
> doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My."
> [39] Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die
> grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by
> My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."
> [40] Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy
> sê toe vir Petrus: "Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie?
> [41] Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig,
> maar die vlees is swak."
> [42] 'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: "My Vader, as hierdie
> lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u
> wil geskied."
> [43] Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan die slaap, want van die vaak
> kon hulle nie hulle oë oophou nie.
> [44] Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde
> woorde gesê. [45] Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle:
> "Slaap en rus julle nog? Die uur het gekom. Die Seun van die mens word
> in die hande van sondaars oorgegee. [46] Staan op, kom ons loop. Kyk, die
> man wat My verraai, is hier naby."

Verklaring:

Getsémané = olyfpers. Bekend gewees - het gereeld daar gekom.

Seuns van Sebedeus = Jakobus en Johannes

Beangs = sterkste van drie Griekse woorde

Seun van God - benodig menslike ondersteuning.

Jesus was bedroef en beangs. (Lukas: sweet soos bloed.) hematidrosis (geweldige angs - chemikalieë vrygestel wat die wande van die sweetkliere afbreek wat veroorsaak dat bloed deurdring en uiteindelik saam met die sweet uit die sweetkliere vrygestel word.)

Jesus se moed begewe hom.

Progressie van gebed 1 na gebed 2

Kontras tussen Jesus en sy dissipels

...

Wat het Jesus in staat gestel om uiteindelik te kan sê: Laat U wil geskied? Om die vraag te antwoord moet ons na sy hele lewe kyk soos in die evangelies opgeteken.

Wat Jesus deurgedra het is: Sy verhouding met sy Vader. Blyk uit Jesus se gebed.

1. Die wete dat sy Vader Hom liefhet (Doop). Dit was die basis / fondament van sy verhouding met sy Vader. Hy het Hom verheug in sy Vader se liefde.

2. Die wete dat Hy op sy Vader kon vertrou - dat Hy sy lewe in sy Vader se hande kan plaas met die volle vertroue dat sy Vader sal sorg.

3. Jesus het dwarsdeur sy aardse lewe Homself verdiep in sy verhouding met sy Vader. Hy het gereeld Homself afgesonder op 'n stil plek om tyd saam met sy Vader deur te bring.

4. Sy kennis van die Woord. Hy het die Gees konstant by Hom gehad om Hom by te staan en te versterk. Verhouding Jesus-Gees: Doop, woestyn, "vol van die Gees"

5. Jesus het Homself verbind aan God se wil. "Beywer julleself allereers ... (Matt 6:33) Daarom: nie my wil nie, maar u wil. - toon 'n diep verbintenis.

Wat stel ons in staat om krisistye te oorkom? Wat maak dat die goddelike in ons die alte menslike in ons oorkom? Wat maak die gees sterker as die vlees? Te veel Christene het 'n baie oppervlakkige verhouding met God - "feel good".

VERHEUG IN GOD SE LIEFDE

VERTROU OP GOD SE SORG

VERDIEP ONS VERHOUDING MET DIE HERE

LAAT TOE DAT WOORD EN GEES ONS HARTE **VERNUWE**

VERBIND AAN GOD SE WIL / SY KONINKRYK